

Sondag 5 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 24:36-25

Fokusgedeelte: Lukas 24:50, 51

Die troonsbestyging van Jesus Christus

Wanneer 'n aardse koning die troon bestyg, is dit 'n groot skouspel. Leiers en eerste ministers van baie lande is teenwoordig. Daar is soldate wat in gelid verby marsjeer. Kanonskote word afgevuur. Mense in hulle duisendtalle woon die verrigtinge by.

Toe Jesus Christus opgevaar het na die hemel en so sy troon bestyg het, was daar geen strydwaens van vuur gewees nie. Daar was geen soldate wat verby marsjeer het nie. Daar was geen engele uit die onsigbare wêreld nie. Nee, dit was net die Here Jesus saam met sy dissipels in God se verhewend-heid en krag. Al wat ons in die Bybel lees van die heerlike gebeurtenis, is dat Hy sy hande opgehef het en hulle geseën het.

Terwyl Hy hulle geseën het en van hulle geskei is, is Hy in die hemel opgeneem. Jesus Christus se lewe op aarde is afgehandel, maar sy werk uit die hemel het begin. Van daardie oomblik af sou sy dissipels altyd lewe in sy onsigbare teenwoordigheid. Hy het immers self gesê: “Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Vandag sê Hy ook aan jou: “Ek is met julle tot aan die voleinding van die wêreld.” Vandag is Jesus elke oomblik by jou deur sy Gees. Glo in Hom, vertrou op Hom, want kyk, Hy is jou Verlosser en Saligmaker wat jou elke oomblik lei en dra in jou lewe. Deur sy Gees stel Hy jou in staat om alles te doen wat jy vandag moet doen.

Sing: Psalm 146:3

Ds. PJ (Peet) van der Walt (Emeritus)